Volks Konsilie – Vryburg 2025

Die totstandkoming van die BoereRepublieke in die tydvak van

Openb 12:6, 14-17

https://youtu.be/qXJW1SOcz8w?si=sSxg9JHq0VxH2Cyl

Geliefde volksgenote, ek hou aan u die tekse voor van hierdie onderwerp:

Rev 12:6 En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur Elohim gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. (drie en half jaar)

Rev 12:14 maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.
Rev 12:15 En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.
Rev 12:16 En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.
Rev 12:17 En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van Elohim bewaar en die getuienis van Yahusha MessiYah hou.

Hierdie profesie in Openbaring spreek van die vrou wat Vader se volk is . Dit noem 'n plek, die 'Woestyn '. 'n Spesifieke tyd word bepaal deur elke profesie vir die spesifieke gebeurtenis wat profeteer word . Daar is dus 'n tydvak, 'n persoon, groep, volk of 'n meerherheid van hulle, asook 'n plek, en dan ook die aksies wat plaasvind gedurende die tyd waarin die profesie afspeel. Kom ons ondersoek dit verder en probeer duidelikheid kry oor elke punt hier genoem.

1. DIE VROU

In profetiese taal word 'n dogter of vrou na verwys as 'n volk, gemeente of gedeelte van 'n volk. 'n Maagd is 'n rein volk of gemeente. 'n Hoer is 'n afvallige volk of gemeente wat met afgodery flankeer en hoereer, wat haar gesig weg van haar Man gedraai het. Die hoer voer oorlog teen die Bruid deur haar geloof te besoedel en haar afvallig te maak, haar te vervolg. So het die katolieke kerk die christendom vir eeue vervolg, soveel so dat ons voorouers na Suidelike Afrika gevlug het om Vader vrylik te kan dien, en het sodoende die profesiee ook moontlik gemaak sodat ons hier Suid van die Riviere van kus, Sy verstrooide gemeente kan wees. Die Bruidegom van die vrou is natuurlik ons Messiah, Yahusha, ons ewige Koning en HoëPriester.

Hierdie Vrou is die verstrooide skape van die 12 stamme van Israel!

Deu 7:6 Want jy is ‘n volk heilig aan YHWH jou Elohim; JOU het YHWH jou Elohim uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.
Deu 7:7 YHWH het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.
Deu 7:8 Maar omdat YHWH julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het YHWH julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.
Deu 7:9 Jy moet dan weet dat YHWH jou Elohim is, die getroue Elohim wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.

Die vrou waarvan Openbaring praat, is die 12 seuns van Jakob se nageslag, die Huis van IsraEL, die verstrooide 12 stamme waarvan Jakobus 1:1 praat.

Jak 1:1 Jakobus, ‘n dienskneg van Elohim en Yahusha MessiYah, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!

Hierdie 12 stamme in verstrooiing sal weer bymekaar gemaak word.



Hierdie 12 stamvaders was deur Jakob geseën, en Hy het elkeen van Sy seuns 'n aparte seën opgelê. So ook was Jakob deur Isak, en Isak deur Abraham geseën, deur die beloftes wat deur Elohim aan Abraham gemaak is.

Gen 12:2 En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees.
Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Gen 17:19 Toe antwoord Elohim: Voorwaar, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Isak noem; en Ek sal my verbond met hom oprig as 'n ewige verbond vir sy nageslag ná hom.

Die seëninge en verbond wat Elohim met Abraham en sy nageslag gemaak het, staan tot vandag toe. Maar net soos die volk Israel van ouds afvallig geraak het en Vader Sy hand van Seën onttrek het, so ook is Sy Hand van Sy kinders onttrek sodat ons onder Strafgerig verkeer vanweë ons afvalligheid en versuiming om die verbonde wat ons met Hom gesluit het, te eerbiedig, asook ons wat ons grondgebied verloor het omdat ons nie ons 3 Geloftes eerbiedig nie. Met die strafgerig waarin ons is, noop Hy ons tot bekering, want Hy het ons lief.

Soos Hy in Openbaring beloof om Sy Volk te beskerm en weg te ruk met arendsvlerke, so het HY dit al in die ou dae beloof. onder Sy vlerke sal ons woon, in Sy skuilplek. in Sy ark, In Sy allerheiligste afgesonderde plek.

Psa 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.
Psa 91:2 Ek sal tot YHWH sê: My toevlug en my bergvesting, my Elohim op wie ek vertrou.
Psa 91:3 Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes.
Psa 91:4 Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.

2. TYDVAK

Openbaring speel hoofsaaklik in die laaste jare voor die wederkoms van ons MessiYah af. Daar sal algemene en baie groot verval en afvalligheid wees in daardie dae. Goddeloosheid en boosheid sal aan die orde van die dag wees. Die aanslag teen die Gelowiges wat Vader se Gebooie onderhou en die Geloof in Messiah het, sal fel wees.

Rev 14:12 Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van Elohim en die geloof in Yahusha bewaar.

Openbaring 17 gee vir ons 'n blik op die nabye toekoms mbt die wereldmagte

Rev 17:9 Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.
Rev 17:10 En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; (dit is die 5 ryke wat die laaste 4000 jaar of so oor die aarde regeer het)die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly.
Rev 17:11 En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. (dit is natuurlik die Anti-chris)
Rev 17:12 En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.

Hierdie 1 uur is 7 jare waarin ons verdrukkig dan plaasvind.
Hierdie 10 konings waarna verwys word blyk die huidige 10 BRICS lande te wees wat onlangs op die toneel verskyn het, wat hulle groot mag saam groepeer het en 'n bedreiging vir die huidige NWO is.

Rev 17:13 Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.

Hierdie Brics lande het n sosialistiese en kommunistiese uitkyk wat meer van diktatorskappe hou as die westerse lande. Hulle wil ook die Petro-dollar mag van die VSA breek deur hul ekonomiese magte saam te smee.

Rev 17:14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is YHWH van die die Leerskare en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

Hierdie BRICS lande en hul vennote se bevolkings maak tans 54% van die wereldbevolking uit en 42% van die wereld se bruto binnelandse produk of in engels :GDP.

Met die huidige ekonomiese oorlogvoering wat deur VSA se invoerbelasting heffings op ander lande ge-eskaleer is, kan hierdie prentjie vinnig n ander vorm aanneem. Ons is dus in hierdie tydvak wat Openbaring17 van praat en dis ook die begin van die verdrukking. Enige groot skuif kan tot wereldoorlog 3 tot gevolg hê.

Rev 12:14 maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.

Die tema van hierdie reveraat sê dat die vrou vir 3 en n half jaar in hierdie wildernis bewaar sal word gedurende die 7 jaar van verdrukking. Ons moet dus ons vryheid verkry binne die eerste 3 en half jaar van hierdie verdrukkingstyd, en wanneer ons weggeruk word na die wildernis sal al Vader se kinders hierheen gebring word om as vrou beskerm te word, weg van satan se lakeie en hul bose agendas.

3. **PLEK**

Die woestyn wat genoem word, is in die King James bybel 'n wildernis en word beskryf in die Strongs se konkordansie as volg

G2048

ἔρημος

erēmos

er'-ay-mos

Of uncertain affinity; *lonesome*, that is, (by implication) *waste* (usually as a noun, G5561 being implied): - desert, desolate, solitary, wilderness.

vers 14 sê: **na HAAR plek**. met ander woorde, die vrou, die Volk, het 'n plek wat reeds haar eiendom is en wat deur Vader voorberei word, waarheen sy kan vlug. Die Boererepublieke was reeds ons s'n, voor EN na die slag van Majuba. Die Bloedrivier en Paardekraal gelofte en die oorwinning wat Vader ons gegee het as gevolg van die Gelofte, wat die grense van hierdie Boererepublieke bevestig het, het hierdie grondgebied, en die grense daarvan, as die plek waar ons 'n volkshuis kan stig, bepaal.

Dit is ook die wildernis waarvan Openbaring 12 hier praat waar die vrou bewaar sal word. Die

voorbereiding waarvan gemeld word, is natuurlik ook dat die genoemde area genoegsame voedsel, infrastruktuur en beskerming sal bied, onder Sy beskermende Hand. Hy sal ons ook in Gees lei tot volkome waarheid en alle onreinheid van ons verwyder.

Suidelike afrika, en meer spesifiek die Boererepublieke, het berge, valleie en dale, riviere en grasvlaktes, landerye, vee, wild, paaie, myne en damme. Die beste landbouers bly hier en natuurlik het ons die Koning van die konings wat ons beskerm. Die King James bybel gebruik die woord 'wildernis' i.p.v. 'Woestyn', wat in die Strongs se konkordansie na 'n afgeleë en afgesonderde plek verwys wat van mense verwyderd is. Die demografie van Suid-Afrika is tans omtrent 7% blankes, waarvan 'n groot deel ook nie die smeltkroes en siftingproses sal oorleef nie. As ons in ag neem hoe min blankes sal oorbly nadat die verdrukking in volle swang gekom het en ons deur die smelkroes in SA gegaan het, sal die land basies 'n wildernis wees. Hier sal dus genoegsame spasie en hulpbronne wees om miljoene Israeliete te huisves en voed.

Verder profeteer Sefanja van hierdie vestrooide gemeente

Zep 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring. Hul is dus dan nie meer verstrooid nie, maar versamel suid van die riviere van Kus

Zep 3:11 Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.

Zep 3:12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van YHWH skuiling soek.



Hierdie versamelde volk van voorheen verstrooides, sal dus edel en heilig wees en onderdanig aan ons Koning wees.



4. **<u>Gebeure</u>**

Gedurende hierdie tydperk moet die heiliging, reiniging, apartwording en vrywording van Vader se volk 'n proses volg. Wanneer die verdrukking in volle swang is en daar nie meer uitkoms en hoop is vir die Israeliete oor die aarde heen nie, sal dinge in plek val en die vrou sal weggeruk word na die wildernis.

Rev 18:2 En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,
Rev 18:3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.
Rev 18:4 En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

Sodoende sal Sy volk uit babilon vlug na die enigste veilige hawe, die Boererepublieke!!

Spesifiek die Boervolk se vrywording word geskoei op die onderhouding van die Volksgeloftes en die totstandkoming van 'n Teokratiese volkshuis wat ons beloof het met die sluit van die Bloedrivier gelofte. Verootmoediging en die onderhouding van Sy Gebooie en insettinge moet die grondslag daarvan wees, met broederliefde en ons oë op ons Messiah.

Dit is dus die vervulling van die Bloedrivier Gelofte wanneer ons hierdie volkshuis stig soos ons beloof het, waar dit Hom behaag: binne die Boererepublieke. Ons moet ons, as bruid van die Bruidegom, kan reinig, en heilig word sodat ons gereed is vir die Bruilof wanneer Hy terugkeer om Sy bruid te verlos van satan se vervolging en Hy as ons Leerowerste, ons Generaal, ons Koning en ons Man, geëer kan word. Dan kan ons in die Huis wat Hy vir ons voorberei het, ingaan, wanneer die nuwe Jerusalem kom.

Openb 12 vers 14 sê dat ons uit die gesig van die slang onderhou word: m.a.w. ver van satan se invloede, sy mag, verdrukking, aanvalle en invloed. Die aanslag en verdrukkig sal die ergste wees in die 1ste wêreld lande waar tegnologie ook gebruik word vir die NWO se bose agendas. Tans word ons voedsel vergiftig. Sade word geneties gemanipuleer, vleis word al in laboratoriums gekweek en met 3D printers vervaardig. Die mediese bedryf vervaardig medisyne en inentings, met wins en dood as hul agenda. Dit het legio newe effekte, siektes en dood tot gevolg . Ons lugruim word met chemikalieë en swaar metale bespuit wat weer en klimaat beinvloed en so blameer hul die mens se CO2 voetspoor vir sg. “Globale verwarming”.

Chemiese oorlogvoering vier hoogty en die media swyg oor als. Die landboubedryf is onder aanval deur regerings. Die hele voedselketting word deur die bose beheer en landbouers word bedreig . Massa immigrasie van 3de wereld lande se mense na blanke nasies, word bevorder om 'n totale oorname oor sulke nasies te verkry. Die voete van yster en klei word met alle mag en spoed bevorder en gebou maar die blanke volke is besig om te ontwaak. Die klein en yster kan nie, en mag nie meng nie. Die oorblyfsel tussen hierdie blanke nasies wat Vader nog soek, begin ontwaak en die dor bene van Eseg kom tot lewe.

Eze 37:3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: YHWH , U weet dit.
Eze 37:4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van YHWH!
Eze 37:5 So spreek YHWH tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.
Eze 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en ‘n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek YHWH is.
Eze 37:7 Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar ‘n geruis, en kyk—’n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been.
Eze 37:8 Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en ‘n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie.
Eze 37:9 Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek YHWH : Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.

Daar is tans ‘n onwaking wêreldwyd van blankes wat besef hul word verdruk en geestelike ontwaking volg.

Hierdie grondgebied deur Vader gegee, sal dus die plek wees waar ons apart en heilig kan word. Daar moet 'n veilige plek wees waarna Vader se kinders kan vlug gedurende hierdie verdrukking 'n plek waar hul vry sal wees van vervolging en onderdrukking van die sataniese wereldmagte wat Vader se volk wil verwoes. Ons moet 'n veilige plek he waar ons kinders veilig kan wees en waar ons kan koop en verkoop sonder die merk van die dier, die digitale ID en onderwerping aan 'n bose regering. Daar is geen ander plek behalwe suid van die riviere van Kus, waar dit moontlik sal wees nie, en die profesieë en die Bloedrivier gelofte het dit moontlik gemaak.

Dit beteken afskeiding en afsondering van die sondige wereld, verootmoediging en totale onderdanigheid en afhanklikheid aan ons Skepper. Dit beteken die verwerping van die merk van die dier. Die beteken die verwerping van die drakoniese agenda, wetgewing en gebruike van die NWO wat Vader se volk tot slawerny en totale verwoesting wil dwing. Die digitale identiteit wat die owerhede op ons wil afdwing om totale beheer oor ons doen en late te verkry, sal ons in n virtuele en fisiese tronk

plaas met hul 15minute stede wat basies konsentrasiekampe is, en hul sal ons vervolg indien jy nie volgens hul voorskrifte handel nie.

Wanner ons vry onder Sy beskerming is in die Suidland, en die res van die wêreld in anargie en/of drakoniese diktatorskappe verkeer, sal die wêreld sien wie ons Skepper is, wat die waarheid is, en Sy Naam sal geprys word. Alles sal tot Sy eer geskied.

Sefanja 3 spreek tot hierdie gebeurtenis.

Zep 3:6 Ek het nasies uitgeroei, hulle hoekvestings is vernietig; hulle strate het Ek verwoes, sodat niemand meer verbygaan nie; hulle stede is verniel, sodat daar geen mens, geen inwoner in is nie.
Zep 3:7 Ek het gesê: Mag jy My maar vrees, tugtiging aanneem! Dan sou sy woonplek nie uitgeroei word nie, nie plaasvind alles wat Ek teen hom bestel het nie. Nogtans het hulle met ywer al hulle handelinge bederwe.
Zep 3:8 Daarom, verwag My, spreek YHWH, op die dag wat Ek My gereed maak vir die buit; want dit is my strafoordeel om nasies te versamel, koninkryke te vergader om my grimmigheid oor hulle uit te stort, al die gloed van my toorn. Want die ganse aarde sal deur die vuur van my ywer verteer word!
Zep 3:9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van YHWH sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.
Zep 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.
Zep 3:11 Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.
Zep 3:12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van YHWH skuiling soek.
Zep 3:13 Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie.
Zep 3:14 Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!
Zep 3:15 YHWH het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, YHWH is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie.
Zep 3:16 In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie!
Zep 3:17 YHWH jou Elohim is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.
Zep 3:18 Die wat bedroef is, ver weg van die fees, versamel Ek; hulle hoort by jou, die smaad druk swaar op hulle.
Zep 3:19 Kyk, in dié tyd sal Ek met al jou verdrukkers handel; en die wat kreupel is, sal Ek red; en die wat verjaag is, versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en tot 'n roem wie se skande oor die hele aarde was.
Zep 3:20 In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle lot verander, sê YHWH.

Ons Sien hier in vers 15, dat ons Messiah onder Sy volk sal wees, soos die wolk en vuurkollom by die Israeliete in die woestyn was. Hy sê dat Hy met ons vyande sal afreken, en die swakkes sal red, die

leuens en onreinheid van ons verwyder. Hy gaan verheug wees oor ons en ons sal Hom dien soos dit Hom behaag.

Mal 3:1 Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom YHWH na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê YHWH van die leërskare.
Mal 3:2 Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.
Mal 3:3 En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan YHWH in geregtigheid 'n offer sal bring.
mal 4:1 Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê YHWH van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.
Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.
Mal 4:3 En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê YHWH van die leërskare.
Mal 4:4 Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge.
Mal 4:5 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van YHWH aanbreek.
Mal 4:6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Ons Koning sien ook uit na die einde van hierdie dinge: Hy is besig om ons voor te berei.

Luk 12:49 Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!

Eze 20:46 Mensekind, rig jou aangesig na die suide en laat jou rede druppel teen die suide en profeteer teen die bosveld, die Suidland,
Eze 20:47 en sê aan die bos van die Suidland: Hoor die woord van YHWH: So spreek YHWH : Kyk, Ek steek 'n vuur in jou aan wat in jou elke groen boom en elke droë boom sal verteer; die uitslaande vlam sal nie uitgeblus word nie, maar daardeur sal alle aangesigte verbrand word van die Suidland af tot die noorde toe;
Eze 20:48 en alle vlees sal sien dat Ek, YHWH, dit aangesteek het; dit sal nie uitgeblus word nie.

Suid-Afrika se regering is n marionet van die wereldheersers en hul wil ons grondgebied dmv hul WGO en VN ooreenkomste, ondergeskik stel aan die Bose magte, wat dan ook ons grondgebied van ons sal wegneem deur hul kommunistiese wetgewing en slagspreuk van 'jy sal niks besit nie en jy sal gelukkig wees'. Sodoende stel hul ook ons keuse om Vader vrylik te dien, ons kinders in Sy wee groot te maak en ons geloof en kultuur uit te leef, in gedrang. Die leuenaars en bose het Nabot vals beskuldig, doodgemaak en sy wingerd beroof, en hul wil dieselfde met Vader se volk doen.
Sy Gees sal in ons wees en die dor bene lewe gee.

Isa 18:1 Wee die land van vlerkgegons wat anderkant die riviere van Kus lê;
Isa 18:2 wat boodskappers stuur oor die groot water en in skuite van biesies oor die waters! Gaan weg, vinnige boodskappers, na die hoog uitgegroeide nasie met die blink vel, na die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word.
Isa 18:3 Al julle bewoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En as die basuin geblaas word, luister!
Isa 18:4 Want so het YHWH vir my gesê: Ek wag rustig en aanskou uit my woonplek, soos glinsterende hitte bo die sonlig, soos 'n douwolk in die hitte van die oestyd.
Isa 18:5 Want voor die oes, as die bloeisel volgroeid is en die blom 'n ryp druiwekorrel word, sal Hy die ranke afsny met snoeimesse en die lote wegkap; (DOOIE LOTE SAL AFGEKAP WORD , DIE KORING VAN DIE KAF GESKEI WORD)
Isa 18:6 hulle word almal saam oorgegee aan die roofvoëls van die berge en aan die wilde diere van die aarde; en die roofvoëls sal daarop die somer deurbring, en al die wilde diere van die aarde sal daarop oorwinter.
Isa 18:7 In dié tyd sal aan YHWH van die leërskare geskenke gebring word van die hoog uitgegroeide volk met die blink vel en van die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word, na die plek van die Naam van YHWH van die leërskare, na die berg Sion.

Sela

Conrad Van Niekerk